Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.





Dehorning to protect rhinos

- OMGEWING

# RENOSTERS WORD ONTHORING NÁ STROPERY TOENEEM

## Reeds 48 vanjaar gestroop

**Die omgewingsministerie en betrokke rolspelers sal hulpbronne en kragte saamspan om hierdie toename in stroperyvoorvalle stop te sit.**
**Ellanie Smit**

- 19 URE GELEDE - - 2022-09-02 00:00:00

Ellanie Smit

Private renostereienaars onthoring tans hul diere om hulle teen die onlangse toename in stroperyvoorvalle te beskerm.

Altesaam 48 renosters is reeds vanjaar gestroop, wat reeds verlede jaar se syfer van 44 oortref, asook die 42 renosters in 2020.

Uit dié 48 was 32 swart- en 16 witrenosters – waarvan 12 swartrenosters op bewaringsplase gestroop is en 16 witrenosters op private plase.

Volgens die woordvoerder van die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme, mnr. Romeo Muyunda, is drie karkasse in Junie ná ’n deeglike inspeksie in die Etosha Nasionale Park ontdek en onlangs as gestroop bevestig.

“Ons het ongelukkig nog twee karkasse deur die loop van verlede week ontdek.”

Hy het gesê dit bring die totale aantal renosters wat in Etosha gestroop is op 20 te staan.

Verder is twee swartrenosterkarkasse onlangs in die Otjozondjupastreek ontdek.

Die twee karkasse is op twee verskillende private wildplase in die Otjituuo- en Otjiwarongo-gebiede ontdek. Die name van dię́ plase is egter nie bekend gemaak nie om hulle teen enige verdere stroperyvoorvalle te beskerm.

Volgens die polisiewoordvoerder in die Otjozondjupastreek, insp. Maureen Mbeha, is een van die renosters, ’n dragtige koei, gedurende Augustus op ’n wildplaas in die Otjiwarongo-distrik geskiet.

In ’n afsonderlike voorval is ’n swartrenosterkoei op 22 Augustus gevind nadat sy op ’n privaat plaas in die Grootfontein-distrik gestroop is.

Albei renosters is met onbekende vuurwapens geskiet en in beide voorvalle is albei horings afgekap.

Die waarde van die dragtige renoster word op N$1 miljoen geraam, en dié van die ander koei op N$500 000.

Niemand is nog in verband met een van die voorvalle in hegtenis geneem nie, maar polisieondersoeke duur voort.

BEWARING

"Ons pak hierdie probleem direk aan om te verseker dat ons stropery doeltreffend bekamp. Soos voorheen opgemerk is, het stropery 'n meer algemene verskynsel op privaat plase sowel as plase vir swartrenosterbewaring geword. Ons is besig om nuwe maatreëls oraloor die land te implementeer om hierdie neiging teë te werk," het Muyunda gesê.

Hy het gesê teenstropingseenhede word op private plase versterk, en polisie en wetstoepassingsbeamptes van die ministerie word gebruik om private plaaseienaars by te staan met intelligensie, wetstoepassing en patrollies.

"Ons sal ook ons helikopter gebruik vir patrollies in gebiede waar stropery algemeen voorkom."

Muyunda het bygevoeg die ministerie en betrokke rolspelers sal hulpbronne en kragte saamspan om hierdie toename in stroperyvoorvalle stop te sit.

"Ons doen egter intussen 'n beroep op lede van die publiek om waaksaam te bly en enige vermoedelike stroperyvoorval en ander wildmisdade aan te meld."

ONTHORING

Mnr. Jaco Muller, die eienaar van 'n renosterplaas en stigter van die Help our Rhino's Now (HoRn), het aan ons susterkoerant Namibian Sun gesê die afgelope paar weke was die ergste wat renosterstropery betref, veral op private plase.

Hy sê die afgelope ses weke is sowat 14 witrenosters gestroop.

Volgens hom het hulle begin om al hul renosters te onthoring in 'n poging om die diere te beskerm.

"Dit is vir my baie hartseer. Jy weet nooit of jy ooit renosters met hierdie horings sal sien nie. Ons het 'n renosterkoei gehad met 'n horing van 34 duim wat ons moes afsny. Ek was amper in trane, want dit is so 'n manjifieke dier en nou moet jy daardie horing afkap. Maar dit is vir die dier se eie beswil."

In 2019 is altesaam 57 renosters gestroop, 83 in 2018 en 55 in 2017.

– republikein@republikein.com.na